MEER LAMMERS, MEER WINS

Cape Wools SA se nuwe en opwindende Produksie Advies kontrak met die NWKV het op 1 Julie 2017 in werking getree. Een van die sleutel prestasie areas is die verbetering van die winsgewendheid en volhoubaarheid van wolskaapboerdery in Suid Afrika.

Die kontrak vereis dat daar opleiding aan wolprodusente gebied word, wat hulle sal help om die reproduksie van hul ooi-kuddes te verbeter. Die NWKV se Produksie Adviseurs het 'n praktiese en maklik verstaanbare kursus saamgestel wat boere sal help om hierdie doelwit van MEER LAMMERS – MEER WINS te bereik.

Wie kan deelneem? Alle wolboere. Boere sal in groepe van maksimum 10 persone per distrik/gebied, op hul plase, opgelei word.

Hoe lank neem die kursus? Die kursus word oor 'n periode van 'n jaar aangebied. 'n Ooi se reproduksie-siklus kan in 7 fases verdeel word. Daarom sal die kursusgangers 7 keer in die jaar vir 'n volle dag byeenkom. Die kursus-inhoud van die volgende fase in die reproduksie-siklus word daardie dag behandel. Die 7 fases is:

1. Paartyd (die doelwit is maksimum dragtigheid)
2. Vroeë- en mid-dragtigheid (die doelwit is maksimum fetus-oorlewing)
3. Laat-dragtigheid (die doelwit is om voor te berei vir 'n makliker lamtyd en maksimum lam-oorlewing)
4. Lamtyd en vroeë laktasie (die doelwit maksimum lam-oorlewing)
5. Mid-laktasie (die doelwit is maksimum lam-groei)
6. Speentyd (die doelwit minder speenskok en vinnige herstel van ooie vir die volgende siklus)
7. Na-speen en voor-paring (die doelwit is voorbereiding vir die volgende lam-siklus)

Wat gaan die kursus die deelnemers baat? Elke deelnemer gaan die belangrikste vaardighede aanleer om sy ooikudde met selfvertroue te bestuur. So 'n kursus is in 2015 vir 'n groep wolboere van Zuuranys in Kareedouw aangebied. Hulle kan getuig dat dit baie tot hul kennis, vaardighede en selfvertroue rondom reproduksie van hul ooi-kuddes bygedra het. U kan gerus met die NWKV bestuurslid in daardie area skakel as u meer inligting verlang (Niel du Preez – 072 126 5950).

'n Soortgelyke projek, wat bekend staan as die Lifetime Ewe Management projek (LTEM), word reeds vir 'n geruime tyd in Australië aangebied. Meer as 2000 wolboere het dit al voltooi. In Victoria, het die deelnemers se gemiddelde aantal lammers gespeen/ha met 30% verhoog. Boere wat meer oor die LTEM projek wil weet, kan die volgende webwerwe besoek:

http://www.lifetimewool.com.au/LTEM.aspx

https://www.youtube.com/watch?v=SSaLzknfgyQ

https://www.youtube.com/watch?v=msbP-RSsN7I

Wanneer begin die eerste kursusse? Sodra die eerste groep byeen is.

Hoe kan boere deelneem? Gesels met u medeboere in die distrik/landbouvereniging/studiegroep wat die kursus wil deurloop. Kontak dan u naaste Produksie Adviseur en bespreek u groep se plek.

Jannie Fourie (Caledon) – 082 564 1105

Gawie van Wyk (Carnarvon) – 083 270 3161

Juan Venter (Middelburg) – 079 693 1953

Kobus Grobler (Queenstown) – 072 593 5601

Jan Louis Venter (Bloemfontein) – 083 650 1131

Bom Louw (Harrismith & Ermelo) – 082 652 2243